# VOLKSMOEDERS IN VERSET: AFRIKANERVROUE-OPTOGTE IN PRETORIA, 1915 EN 1940

**Jackie Grobler**
*Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002*

**'Mothers of the people' in protest: Afrikaner women march in Pretoria, 1915 and 1940**

This article investigates the participation of Afrikaner women in resistance politics in the era before apartheid. The spotlight falls on two mass-marches which Afrikaner women organised in respectively 1915 and 1940 to the Union Buildings in Pretoria. In addition to the background to and causes of the marches, the events themselves and the results of the marches, an investigation is undertaken into cultural aspects of these demonstrations: the background of the organisers, the way in which they were in those days identified in the press, the nature of the language used in their statements and petitions, the religious milieu in which the marches were undertaken and the attire of the participants. Public and press reaction to the marches, including the writing of poems on them, are also focussed on. Finally attention is given to references to the participants as "mothers of the nation" and to the legacy of the marches.

**Keywords:** Afrikaner women, protest marches, Union Buildings, 'mothers of the people', 1914 Rebellion

Hierdie artikel ondersoek die deelname van Afrikanervroue aan versetpolitiek in die era voor apartheid. Die soeklig val op twee massa-optogte wat deur Afrikanervroue georganiseer en in respektiewelik 1915 en 1940 na die Uniegebou in Pretoria onderneem is. Benewens die agtergrond tot en oorsake van die optogte, die gebeure daartydens en gevolge van die optogte, word ondersoek ook ingestel na kulturele aspekte van die optogte: die agtergrond van die organiseerders, die wyses waarop hulle destyds in die pers geïdentifiseer is, die taalgebruik in hulle verklarings en versoekskrifte, die godsdienstige milieu waarin die optogte aangepak is en die kleredrag van die deelnemers. Openbare en persreaksie op die optogte, waaronder die skryf van gedigte daaroor, word eweneens belig. Laastens word aandag aan die verwysing na die deelnemers aan die optogte as *volksmoeders* en na die nalatenskap van die optogte gegee.

**Sleutelwoorde**: Afrikanervroue, protesoptogte, Uniegebou, volksmoeders, 1914-Rebellie

## Inleiding

Internasionaal was daar voor die aanvang van die 20ste eeu min gevalle van vroue-optogte oor politieke kwessies. Inderdaad, die eerste noemenswaardige vroue-optog in die geskiedenis van die mensdom het eers in 1789 plaasgevind. Dit was die vroue-optog van Parys na Versailles in 1789, kort na die aanvang van die Franse Rewolusie.

In Suid-Afrika was die eerste bekende voorbeeld van 'n protesdeputasie waaraan Afrikanervroue as groep deelgeneem het, die *kaalvoet oor die Drakensberge*-episode wat tydens die Groot Trek op 9 Augustus 1843 plaasgevind het. Die Britse spesiale kommissaris wat na Pietermaritzburg gestuur is, Henry Cloete, het minstens twee verslae aan die Kaapse goewerneur gestuur waarin hy oor die konfrontasies tussen hom en deputasies van Voortrekkervroue oor die Britse anneksasie van Natal berig het. Die leier van die tweede deputasie was Susanna Smit, die vrou van eerwaarde Erasmus Smit en suster van die Voortrekkerleier Gert Maritz. Cloete het geskryf dat hierdie vroue op medeseggenskap met hulle mans oor die toekoms van Natal aanspraak gemaak het. Hulle het hom voorts verseker dat hulle van voornemens was om hulle nooit aan Britse gesag te onderwerp nie, dat hulle nogtans besef het dat verset hulle nêrens sou bring nie en dat hulle vasbeslote was om kaalvoet oor die Drakensberge weg te stap, om in vryheid te gaan sterf, want hulle het die dood bo die verlies van hulle vryheid verkies.[1] Susanna Smit se verset was so aangrypend in die gemoed van latere Afrikaners dat 'n standbeeld om haar optrede teen Cloete te gedenk, jare later naby Harrismith op die Drakensberg opgerig is.[2] Die ironie daarvan is dat Susanna Smit nooit Natal verlaat het nie, maar in 1863 in Pietermaritzburg oorlede is.[3]

Die aandrang op politieke regte vir vroue het in verskeie Westerse lande sedert die laaste jare van die negentiende eeu tot grootskaalse politieke aktivisme onder vroue aanleiding gegee. Wat daar gebeur het, is nie hier ter sprake nie, veral omdat grootskaalse politieke agitasie vir die toekenning van stemreg aan vroue nooit in die Afrikanergemeenskap voorgekom het nie. Blanke vroue in Suid-Afrika het in 1930 stemreg gekry. Dit beteken allermins dat politieke aktivisme nooit onder Afrikaner-

---

1 K. Schoeman, *Die wêreld van Susanna Smit 1799-1863* (Kaapstad et.al., 1995), pp. 150-151. Kyk ook L. Maritz, *Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief met spesiale verwysing na die Women's National Coalition van 1991 tot 1994* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 2004), pp. 4-5.

2 M.J. Swart e.a. (reds), *Afrikanerbakens* (Aucklandpark, 1989), pp. 256-258.

3 K. Schoeman, *Die wêreld van Susanna Smit 1799-1863* (1995), p. 271.

vroue vaardig geword het nie. Inderdaad het die volksmoeders by enkele geleenthede met groot fanfare as beduidende groepe tot die politieke strydperk toegetree.[4] Die kleurskeidslyn in die Suid-Afrikaanse politieke kultuur het meegebring dat blanke Afrikanervroue se fokus in hierdie aktivisme geheel en al van die fokus van vroue van ander gemeenskappe verskil het. Die twee gevalle wat in hierdie artikel bespreek word het dan ook albei gehandel oor kwessies wat spesifiek die Afrikanergemeenskap geraak het en het om die lot van Afrikanermans gewentel. In beide gevalle het dit die vorm van protesoptogte na die Uniegebou in Pretoria aangeneem.

**Die eerste Afrikanervroue-optog na die Uniegebou, 4 Augustus 1915**

Die eerste Afrikanervroue-optog na die Uniegebou het in Augustus 1915 plaasgevind. Dit was ’n direkte uitvloeisel van die mislukking van die Afrikanerrebellie teen die einde van 1914. Die meeste van die rebelleleiers het as gevangenes in die hande van die Regeringsmagte geval. Die legendariese Boeregeneraal, Christiaan de Wet, was een van hulle. Hy is op 1 Desember 1914 ’n ent wes van Vryburg gevange geneem. ’n Spesiale hof het hom in Julie 1915 aan hoogverraad skuldig bevind en tot ses jaar gevangenisstraf en ’n boete van tweeduisend pond gevonnis.[5] Ook ander rebelleleiers is met ’n kombinasie van tronkstraf en boetes gestraf. Dit was vanselfsprekend vir hulle ondersteuners, wat geglo het dat hulle reg opgetree het, ’n bitter teleurstelling.

Feitlik onmiddellik nadat die rebelleleiers tot gevangenisstraf gevonnis is, het ’n aantal vroue in Pretoria besluit om ’n groot betoging te reël ten einde druk op die regering uit te oefen om die veroordeeldes spoedig vry te laat. Dit is nie absoluut duidelik by wie die idee ontstaan het om ’n protesmars te hou en daartydens ’n petisie waarin om begenadiging van die veroordeeldes gesmeek word, aan die regering te oorhandig nie. Volgens ’n *Gedenkbrosjure* wat na die protesmars van 1940 opgestel is, het die betogingsidee by mev. Brummer en mev. Beyers, die weduwee van generaal C.F. Beyers, ontstaan.[6] Daarteenoor is daar getuienis dat die gedagte van mev. Hendriena Joubert, die 84-jarige weduwee van die eertydse kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Piet Joubert, afkomstig was. Sy was een van die vrouens wat die mees verslae oor die straf van die rebelleleiers gevoel het. Mev.

4 Byvoorbeeld oor vrouestemreg. Kyk L. Vincent, A cake of soap: the ‘volksmoeder’ ideology and Afrikaner women’s campaign for the vote, *The International Journal of African Historical Studies* 32(1), 1999, pp. 1-17.

5 J.D. Kestell, *Christiaan de Wet. ’n Lewensbeskrywing* (Kaapstad, 1920), pp. 224, 229, 233.

6 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940* (s.l., s.d., s.p.); G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI, 1910-1924* (Johannesburg, 1979), p. 243.

A.C. Roos, wat later as leier van vroue uit die Kaapprovinsie na vore getree het, het aan 'n verslaggewer van *De Burger* vertel dat mev. Joubert 'n paar dae en nagte in gebed en trane deurgebring het. Toe het sy gedink aan die Bybelboek Ester, spesifiek aan hoofstuk 4, vers 14, waar Mordegai aan Ester sê: *Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!* Mev. Joubert het hierop besluit om vir die vrylating van die veroordeelde rebelle te gaan pleit. Haar seun Jan Joubert het haar oorreed om nie die onderneming alleen aan te pak nie, maar om ander vroue as ondersteuners te werf. Hy het haar voorts bygestaan om 'n oproep op te stel wat landswyd aan verskillende vroue-organisasies gestuur sou word asook aan koerante met die versoek om dit te plaas.[7] Hierdie oproep in die vorm van 'n ope brief in die naam van mev. Joubert en mev. F.C. (Elsie) Eloff, die oudste dogter van wyle president Paul Kruger, het wel in verskeie koerante verskyn. In die brief is vroue landwyd uitgenooi om saam te werk met 'n vrouekomitee wat in Pretoria gevorm sou word om as sentrale komitee te dien. Afrikanervroue dwarsoor die land is versoek om komitees te organiseer en afgevaardigdes te verkies om namens hulle streek 'n versoekskrif aan die Goewerneur-generaal te gaan help oorhandig.[8]

Die vroue wat vroeër reeds 'n komitee gevorm het om die rebelle te ondersteun wat in die Sentrale Gevangenis in Pretoria aangehou is, het die betoging georganiseer.[9] Mev. (ds.) C.A. Neethling was die voorsitter en mev. Henrietta Armstrong was die vise-voorsitter daarvan. Mevv. Joubert, Eloff en Sannie van Wyk was die drie ere-presidente. Die gewone komiteelede was mevv. Elsie van Broekhuizen, M. Marais, G. Hofmeyr, T. Roos, J. du Plessis, Helena Muller, I. van Alphen, A. Bisschop, N. Gey van Pittius, A. Roux, J. Bosman, J. Joubert, F. Beyers, P. van der Byl en G.S. Preller. Dit was destyds telkens die gebruik om, wanneer formeel na vrouens verwys is, hulle mans se voorletters eerder as hulle eie te gebruik. Die voorletters wat hier verskaf word is gevolglik in talle gevalle nie die vroue self s'n nie, maar dié van hulle mans. Dit was die komitee se plan om die Goewerneur-generaal, burggraaf S.C. Buxton, te versoek om generaal Christiaan de Wet onmiddellik vry te laat, om aan al die Afrikaners wat vir hulle deelname aan die Rebellie gevonnis is, amnestie te verleen en om diegene vry te skeld wat ná die betoging nog verhoor sou word.[10]

---

7 J. Streutker, *Hendrina Susanna Johanna Joubert (1830-1916)* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1991), p. 105 wat verwys na *De Volkstem*, 1915-06-29 en *De Burger*, 1915-09-08, verslag van mev. Roos.

8 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940,* s.p.

9 T. van Rensburg (red.), *Camp diary of Henrietta E.C. Armstrong. Experience of a Boer nurse in the Irene Concentration Camp, 6 April-11 October 1901* (Pretoria, 1980), p. 28.

10 *Speciale uitgaaf van De Spectator*, Augustus 1915, s.p.; Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

Die datum waarop die protesoptog en oorhandiging van die petisie in Pretoria sou plaasvind, Woensdag 4 Augustus 1915, wat die eerste herdenking van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was, is nie lukraak op besluit nie. Die komitee het naamlik vir Buxton genader om te verneem watter dag hom sou pas om ’n vroueafvaardiging te woord te staan. Teen die tweede helfte van Julie was dit bepaal.[11] Die ontsaglike groot logistiese taak wat hierna deur die organiseerders uitgevoer moes word, was om losies te reël vir al die vroue-afgevaardigdes wat uit alle oorde verwag is.[12]
Vroue het landwyd in feitlik elke stad of dorp vergader en besluit om aan mev. Joubert se oproep gehoor te gee.[13] Oral is saamtrekke en optogte georganiseer. Petisies wat op die begenadiging van die rebelleleiers aangedring het, is op verskeie dorpe aan landdroste oorhandig. Lyste is rondgeneem om handtekeninge te versamel vir die petisie wat in Pretoria oorhandig sou word. Telegramme van ondersteuning vir die betoging is van oraloor na die komitee in Pretoria gestuur en in enkele gevalle is selfs klein betogings gehou.[14] Mev. Tibbie Steyn, die vrou van president M.T. Steyn, het van Onze Rust in die Vrystaat af in ’n opgewonde trant vir Emily Hobhouse oor die geesdrif van die vroue ingelig.[15]
Vroue het van Maandag 2 Augustus af van wyd en syd in Pretoria aangekom om aan die betoging deel te neem. Die komiteelede het vir die volgende paar dae as gasvroue vir die besoekers opgetree. Die Vrystaatse joernalis W. Postma het hieroor geskryf: *Aan die oproep is op eg vrouwelike wijse gehoor gegee, sonder redeneer, sonder versuim, sonder berekening van koste of moeite. Die liefde het geroep, die liefde het gehoorsaam.*[16] Die historikus Elsabe Brink se kommentaar hierop is dat Postma met hierdie opmerking die vroue se inisiatief minag en dat hy reken dat hulle irrasioneel opgetree het.[17] Dit lyk eerder of Postma die boodskap wou oorbring dat die saak vir die vroue van soveel belang was dat geen opoffering om dit suksesvol uit te voer, vir hulle te groot sou wees nie.

---

11 J. Streutker, *Hendrina Susanna Johanna Joubert* (1991), p. 106, wat verwys na NASA, GG 51/3278, band 1245.

12 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

13 *Die Transvaler,* 1940-06-19, p. 5.

14 *Speciale uitgaaf van De Spectator*, Augustus 1915, s.p.; Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.; J. Streutker, *Hendrina Susanna Johanna Joubert* (1991), pp. 105-106, wat verwys na *De Volkstem*, 1915-08-06.

15 E. Truter, *Tibbie, Rachel Isabella Steyn, 1865-1955: haar lewe was haar boodskap* (Kaapstad, 1997), p. 135.

16 Dr. O’kulis (W. Postma), *Die Boervrouw, moeder van haar volk* (Bloemfontein, 1918), p. 164.

17 E. Brink, Man-made women: Gender, class and the ideology of the Volksmoeder, *in* C. Walker (ed.), *Women and gender in South Africa to 1945* (Cape Town, 1990), pp. 280-281.

***Die gebeure op 4 Augustus 1915***

Die eerste amptelike verrigtinge in Pretoria in verband met die betoging was 'n biduur in die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Kochstraat (vandag Bosmanstraat). Mev. (ds.) P. Roos van Kaapstad en mev. (prof.) Muller van Stellenbosch, soos daar in destydse koerantberigte na hulle verwys is, het voorgegaan. 'n Joernalis het berig dat die kerkgebou stampvol was en dat 'n sigbaar-ernstige stemming in elke gemoed geheers het.[18]

Enkele duisende vroue – die organiseerders het bereken sowat 3 000, maar ander tydgenootlike bronne beweer daar was tot soveel as 6 000 wat meer as 65 000 vroue landwyd verteenwoordig het – het op 4 Augustus vir die protesbetoging aangemeld. Die *Pretoria News*, aan die ander kant, het dit kategories gestel dat daar net 2 500 vroue aan die optog deelgeneem het. Die organiseerders het die vroue in die omgewing van die hoek van Beatrix- en Vermeulenstraat in groepe volgens hulle provinsies geplaas.[19] Groot rosette is teen die lamppale vasgebind om aan te toon waar die vroue moes aantree. Die Vrystaatse vroue was vooraan, onder 'n wit-en-oranje roset. Daarna het die Kaapse vroue onder 'n wit-en-blou en die Natalse vroue onder 'n wit-en-rooi roset gevolg. Heel agter was die Transvaalse vroue onder 'n wit-en-groen roset.[20] Een van die jonger vroue wat teenwoordig was, Hilda Postma, was so in vervoering oor die gebeure dat sy 'n gedig daaroor geskryf het waaruit die volgende uittreksel kom:

*Vrijstaat eerste in die stoet,*
*– Oranje-wit, die vlag van moed –*
*Tweede, Kaap, met "kleur der trouw"*
*Dra hul strikkie wit en blouw;*
*Volg Natal in rooi en wit,*
*– Liefdes tolk en teken dit –*
Dan Transvaal, die kleur van hoop
– Groen en wit – wat laaste loop![21]

Wat die vroue se kleredrag betref, dui foto's van die komiteelede en van die optoggangers daarop dat hulle pynlik netjies gekleed was. Hulle het feitlik deurgaans deftige rokke en skoene, handskoene en hoede gedra. Dit was tipies formele kleredrag van die latere Edwardiaanse era in Brittanje, toe swart, bruin en vlootblou rokke en

---

18 *Speciale uitgaaf van De Spectator*, Augustus 1915, s.p.; Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

19 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI,* (1979), p. 243, wat aanhaal uit *De Volkstem*, 1915-08-06; *Pretoria News*, 1915-08-05, s.p., hoofartikel.

20 J. Streutker, *Hendrina Susanna Johanna Joubert* (1991), p. 106.

rompe en bloese met strak, feitlik manlike styl hoogmode was. Buitensporige groot hoede versier met pluime, nagemaakte blomme en linte was eweneens die gier van die tyd en is deur talle optoggangers gedra.[22]



**Figuur 1: Vroue uit Natal wat aan die optog deelgeneem het**
(Foto deur Otto Husemeyer in *Die Brandwag*, 1915-09-01, p. 116)

Mev. Cornelia de Wet, die eggenote van generaal De Wet oor wie die hele betoging in die eerste plek gegaan het, was een van die optoggangers, maar het in 'n swart rok geklee heeltemal op die agtergrond gebly.[23] Onder die ander bekende deelnemers was mev. Nonnie de la Rey, die weduwee van wyle genl. Koos de la Rey. Sy was in weduweedrag geklee. Die redakteur van die *Pretoria News* het in sy hoofartikel die dag na die optog dit betreur dat daar onder die skare vrouebetogers net een Voortrekkerkappie opgemerk kon word:

---

21 Dr O'kulis (W. Postma), *Die Boervrouw, moeder van haar volk* (1918), p. 169.

22 Yarwood, D., *European Costume. 4000 years of fashion* (London & Sydney, 1975), pp. 254-255; http://www.fashion-era.com/la_belle_epoque_1890-1914_fashion.htm, 2009/05/08.

23 M.C.E. van Schoor, *Christiaan Rudolph de Wet, krygsman en volksman* (2007), p. 290.

> *Ah, you daughters of the veldt! Twenty years ago I knew you and I loved you in your kappies and your dimity for weekdays and your Princess robes for Saturday and Sunday… What are you today? A Parody! You wear distorted hats, a year behind the fashion… You follow the fashions from afar and they don't suit your rotund figures.*[24]

Voor die vertrek van die optog na die Uniegebou het die organiseerders die aanwesiges verwelkom. Mev. Joubert, wat die besieling en stukrag agter die onderneming was, het in haar verwelkoming die volgende gesê: *Hier leggen wij, wat ook gebeurt, 't fondament van 'n volksverbintenis, die geen scheidingslijnen kent. Zuid-Afrika heeft nog zulke onderneming nooit te voren gekend ... Wij zijn een en onze eenheid is heden voor de eerste maal werkelikheid geworden*.[25] Hierna het mev. H. Steyn van die Vrystaat 'n boodskap van haar skoonsuster, mev. Tibbie Steyn, aan die skare voorgelees. Hierdie boodskap meer as enige ander destydse uitspraak verklaar die diepste versugtinge van tienduisende Afrikanervroue en die wêreldbeskouing waarmee hulle die optog aangepak het. Mev. Steyn het geskryf dat sy weens siekte nie self daar kon wees nie, maar dat sy innig dank verskuldig was aan die *twee moeders van ons volk* (mevv. Joubert en Eloff) omdat hulle die vroue aangespoor het om so 'n *groot en edel werk te verrichten*. Aangesien niemand groter eerbied en respek vir die Afrikaanse vrou betoon het as generaal De Wet nie, was dit gepas dat soveel duisende Afrikaanse moeders en dogters om genade vir een van *Afrika's grootste zonen* smeek. En indien die oproep verwerp word, sal daar vir die Afrikanervroue net een eerbare weg oop wees, en dit is om voort te gaan om vir die Rebelleleiers se vryheid te agiteer totdat hulle op vrye voet gestel is, want geen Afrikaanse vrou *die een hart voor haar Volk heeft* kan een enkele nag gerus slaap solank *onse geliefde Generaal* en sy medegevangenes opgesluit is nie. Haar boodskap het afgesluit met die gebed dat God hulle onderneming sal seën.[26]

---

24 *Pretoria News*, 1915-08-05, s.p., hoofartikel.

25 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI,* (1979), p. 243, wat aanhaal uit *De Volkstem*, 1915-08-06.

26 Volledig aangehaal in E. Truter, *Tibbie, Rachel Isabella Steyn* (1997)*,* p. 138.



Mevrouw Hilgaard Steyn, een van die afgevaardigdes van die Vrijstaat lees die brief voor van Mevrouw M. T. Steyn, die so trouwe sorgster van ons kranke President, die in weerwil van sij swakke gesondheid meer weldadige invloed uitoefen op ons volk dan enig iemand anders. Foto: Otto Husemeyer, Pretoria.

**Figuur 2: Mev. H. Steyn lees die boodskap van mev. Tibbie Steyn aan die skare voor**

(Foto deur Otto Husemeyer in *Die Brandwag*, 1915-09-01, p. 104)

Laastens het mev. P. Roos die versoekskrif aan die skare voorgelees. Dit was in die vorm van ’n pleitskrif aan Buxton om begenadiging en het die nood van die vroue weerspieël:

> *Daar waar verdriet geleden en smart verduurd wordt Uwe Excellentie, is ’t steeds de vrouw die ’t zwaarste lijdt. Zwaar hebben ongetwijfeld deze mannen reeds geleden, maar wat is hun leed vergeleken bij ’t verdriet dat sedert zoveel maanden zijn intrek heeft genomen in de harten hunne vrouwen en kinderen? ... Als moeders die zelve geleden hebben en neergedrukt worden door de ramp die ons volk trof, gaan onze harten uit tot dezen die tans lijden, en hun smart is ook onze smart.*[27]

---

[27] J. Streutker, *Hendrina Susanna Johanna Joubert* (1991), pp. 106-107.

Nadat die vroue die versoekskrif goedgekeur en ’n kort gebed gedoen het, het die optoggangers om twee-uur die middag na die Uniegebou begin aanstap. Die deputasie wat die versoekskrif aan Buxton moes gaan oorhandig, het per motor vooruit gery. Die deputasielede, onder leiding van mevv. Joubert en Eloff, het vroue uit al vier provinsies ingesluit.[28] Volgens die *Gedenkbrosjure* het die deputasie reguit na die Uniegebou gery en vir die ontmoeting na die kantoor van die Goewerneur-generaal gegaan, terwyl die res in die amfiteater gewag het. Die deputasie het die pleitskrif om die vrylating van die rebelleleiers dáár aan die Goewerneur-generaal oorhandig.[29] *De Volkstem* het berig dat die deputasie na Buxton se ampswoning gegaan het waar hulle eers verdwaal het, maar uiteindelik die Goewerneur-generaal gevind en die versoekskrif oorhandig het. Mev. Joubert het as woordvoerder opgetree. Sy het Buxton versoek om die groot skare vroue te gaan ontmoet en sy antwoord aan hulle bekend te maak. Buxton se antwoord was dat hy dit nie sou kon doen nie, want hy sou ingevolge die Uniegrondwet eers die kabinet van eerste minister Louis Botha oor die aangeleentheid moes raadpleeg.[30] Botha was skynbaar nie daardie dag in Pretoria nie.[31]

Nadat Buxton die deputasie op tee en koffie trakteer het en vriendelik met hulle gesels het, is mev. Joubert-hulle terug na die Uniegebou waar hulle in die amfiteater by die ander vroue aangesluit het. Hier het hulle gerapporteer dat ’n antwoord op die versoekskrif mettertyd na raadpleging met die kabinet verstrek sou word. Daarop is die vroue met Kerkstraat langs terug tot by Kerkplein, waar mev. Roos die deelnemers bedank het en uitgenooi het om daardie aand ’n kerkdiens by te woon. Na gesamentlike sang is die vrouebetogers uitmekaar.[32]

Die dag na die betoging, Donderdag 5 Augustus, het die vroue by die Nasionale Dieretuin in Pretoria byeengekom om die geskiedkundige gebeurtenis af te sluit met ’n onthaal wat deur die organiseerders aangebied is. By dié geleentheid is toesprake gehou en telegramme van ondersteuning is voorgelees wat uit alle dele van die land ontvang is. Mev. Joubert is ook gevra om ’n paar woorde te sê en dit is letterlik wat

---

28 *Speciale uitgaaf van De Spectator*, Augustus 1915, s.p.

29 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog*, Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p. Kyk ook J.C. Pretorius, Joubert, Hendrina Susanna Johanna, *in* C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (V) (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987), pp. 420-421.

30 J. Streutker, *Hendrina Susanna Johanna Joubert* (1991), p. 108, wat verwys na *De Volkstem,* 1915-08-06.

31 Sien *Die Transvaler,* 1940-06-19, p. 5.

32 *Speciale uitgaaf van De Spectator*, Augustus 1915, s.p.; Reëlingskomitee van die Vroue-Optog*, Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p., J. Streutker, *Hendrina Susanna Johanna Joubert* (1991), p. 108 wat verwys na *De Volkstem,* 1915-08-06; *De Burger*, 1915-08-17 en 1915-09-08.

sy gedoen het. Sy het naamlik vorentoe gestap en net gesê: *Alle susters en moeders hartelik dank, Ik kan niets doen nie, maar God die Heer sal alles goedmaak*.[33]

***Perskommentaar***

In perskommentaar oor die optog het Scholtz in 1979 beweer dat die Engelse pers die hele gebeurtenis eenvoudig geïgnoreer het deur niks daaroor te skryf nie.[34] Dit is nie korrek nie. Die *Pretoria News* het byvoorbeeld op 5 Augustus in 'n hoofartikel onder die opskrif "The Petticoat Commando" openlik met die deelnemers aan die optog die spot gedryf: *Many of the women taking part in the procession were built on the lines of the super-dreadnought* en *Divine discontent was on every face. I am not surprised. Most of them have been looking at themselves in the mirror*. Dit is opvallend dat die *Pretoria News* in sy kommentaar op die optog die saak waaroor dit gehandel het heeltemal geïgnoreer het en die klem op die vrouebetogers se kleredrag laat val het.[35]

*De Vriend des Volks*, 'n Hollandse (Afrikaanse) koerant wat die regering van generaal Louis Botha ondersteun het, het 'n sekere mate van begrip vir die optrede van die Afrikaanse vroue geopenbaar:

> *Genl de Wet heeft zich in't oog van ons volk niet schuldig gemaakt aan 'n lage daad, doch enkel aan 'n grove misgreep daarin bestaande dat hij 'n zaak aanpakte die vooruit tot mislukking gedoemd was. Want toen ons hele volk bijmekaar stond, konden we de Engelse vlag niet weren, hoeveel te minder tans waar onze eigen mannen aan't bewind waren en't hun heiligen plicht niet alleen was, maar ook onder de omstandigheden verreweg 't verstandigste om de bestaande orde van zaken te handhaven.*

Onder dié omstandighede is die optrede van die vroue *'n verblijdend en hoopgevend teken,* omdat dit aangetoon het dat Afrikaanse vroue betrokke is by *de politieke en maatschappelijke strijd, welke ons volk voert tegen opslurping en denasionalisatie*.[36]

In die tydskrif *Die Brandwag* het destyds 'n kort verslag oor die optog deur M.M. (waarskynlik mev. Melt Marais, moontlik mev. Mabel Malherbe) verskyn waarin die outeur geskryf het dat *God weet aan wie hij die swaarste werk van nasie-bouw moet*

---

33 J. Streutker, *Hendrina Susanna Johanna Joubert* (1991), p. 108 wat verwys na *De Volkstem,* 1915-08-06; *Speciale uitgaaf van De Spectator*, Augustus 1915, s.p.

34 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI* (1979), p. 243.

35 *Pretoria News*, 1915-08-05, s.p., hoofartikel.

36 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI,* (1979) pp. 243-244, wat aanhaal uit *De Vriend des Volks*, 1915-08-09.

*opdra,* naamlik *aan die sterkste geslag, die sterkste liefde, die vrouw!* Sy het voorts in die artikel gesê dat die vroue die amfiteater van die Uniegebou beset het *soos 'n oorstroming 'n stuk land inneem, stadig* en *onweerstaanbaar.*[37]

Die Afrikanervolksdigter Jan F.E. Celliers was so aangegryp deur die vrou-betoging dat hy 'n gedig daaroor geskryf het. Dit lui deels soos volg:

*Stil! Berei jul hart als ten gebede*
*en suiwer daaruit weg wat werelds is,*
*om aan te hoor die naam wat ek wil noem –*
*die eerste hier op aarde na die naam*
*van God die skepper, God die albehoeder, –*
*die naam is ... Moeder*

*Ik sien haar swijgend gaan op steile pad,*
*half duisel nog, van nagte deur-gewaak,*
*en wankel-tredend – elke tree 'n pijn*
*na soveel gaans aan liefde-werk gewij.*

*Ik sien haar wag, geduldig, sonder woord,*
*soos sij al honderd jaar gewag het en gelij,*
*Ik sien haar win, deur lije, net soos Hij.*
*Ik sien haar win, vir man en soon en broeder,*
*want haar naam*
*is Vrouw, en Moeder!*[38]

### *Afloop*

Talle van die vroue-afgevaardigdes was op Vrydagoggend 6 Augustus aangenaam verras toe hulle generaals De Wet en Jan Kemp op die spoorwegstasie in Pretoria raakgeloop het. Hierdie twee rebelleleiers was van Johannesburg, waar hulle hulle tronkstraf uitgedien het, na die hooggeregshof in die hoofstad op pad om in die hofsaak van 'n ander rebelleleier, ds. H.D. van Broekhuizen, te gaan getuienis lewer. Die vroue het kans gekry om 'n wyle met die generaals te gesels en hulle oor die verloop van die optog in te lig. Op De Wet en Kemp se versoek het mev. H.S. Webb 'n skrywe van dank aan die Afrikaanse vroue gerig en onder andere gesê: *De grootste zegen*

37 *Die Brandwag,* 1 September 1915, p. 100.
38 *Die Brandwag,* 1915-09-01, p. 101.

*van uw werk ligt niet in de verwachting en hoop van sukses, maar in het bewijs van het volksgevoel hetwelk het werk zelve bezielt.*[39]

Op Saterdagmiddag 7 Augustus het die komitee 'n brief van burggraaf Buxton ontvang waarin hy aangedui het dat sy ministers nie in staat was om aan te beveel dat die rebelleleiers vrygelaat word nie. Hy het bygevoeg dat elke geval mettertyd volgens meriete beoordeel sou word. Die protesoptog het dus, soos die vrouekomitee volgens *De Spectator* verwag het, nie op die onmiddellike begenadiging van De Wet-hulle uitgeloop nie.[40]

Hoewel hulle betoging geen onmiddellike sukses gehad het nie, was die vroue oortuig van positiewe gevolge van hulle optrede oor die lang termyn. 'n Algemene gevoel was dat dit "die ontwaking van Suid-Afrika se dogters aangekondig" het, soos mev. Joubert dit gestel het.[41] Inderdaad het die Afrikanervroue van Suid-Afrika van daardie tyd af polities aktief begin word. Dit word bevestig deur die stigting van die Vrouwen Nationale Party deur mev. Johanna Brandt in Johannesburg in Julie 1915, van die Nasionale Vroue-Vereniging deur mev. Van Broekhuizen kort daarna en die samesmelting van hierdie twee organisasies as die Vroue Nasionale Party in Oktober 1915.[42] Dit word ook bevestig deur die betrokkenheid van vroue by die Helpmekaarbeweging wat in 1915 gestig is om die rebelle geldelik by te staan. Vroue het hulle volle gewig by die fondsinsamelings ingegooi en die beweging het spoedig selfs afsonderlike vrouetakke gehad.[43]

Die organiseerders van die optog het op 'n tweede positiewe impak aanspraak gemaak, naamlik dat 'n stille invloed van die vroue-betoging uitgegaan het wat meer as enigiets bygedra het om respek vir die Afrikanergemeenskap by die destydse regering te vestig.[44]

Twee belangrike vrae in verband met die optog is die volgende: Eerstens, was dit 'n daad van politieke aktivisme om eerste minister Louis Botha se regering in 'n verleentheid te plaas en die saak van die Nasionale Party te bevorder, veral as 'n mens in ag neem dat 'n algemene verkiesing van parlementslede skaars twee maande na die optog gevolg het? By Botha self was daar skynbaar geen twyfel nie dat die optog 'n politieke set was waaruit die Nasionale Party *politieke munt* wou slaan.[45] 'n Studie

---

39 *Speciale uitgaaf van De Spectator*, Augustus 1915, s.p.
40 *Speciale uitgaaf van De Spectator*, Augustus 1915, s.p.
41 A.P. van Rensburg, *Moeders van ons volk* (Johannesburg, 1966), p. 115.
42 D.P. Goosen (red.), *Die triomf van nasionalisme in Suid-Afrika (1910-1953) (Insluitende 'n volksalbum van Nasionale kampvegters in die algemene verkiesingstryd, 1953)* (Johannesburg, 1953), p. 131.
43 L. Maritz, *Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief* (2004), p. 19.
44 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog*, Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
45 E. Truter, *Tibbie, Rachel Isabella Steyn* (1997), p. 139.

van tydgenootlike bronne dui nogtans daarop dat die optog eerder deur oorweldigende simpatie vir die rebelle gedryf is as deur 'n drang om ten gunste van die Nasionale Party politieke munt uit die lot van De Wet-hulle te slaan. Die tweede vraag is of die vroue in die eerste plek op eie inisiatief of op aandrang van Afrikanermans opgetree het. Ook in hierdie geval dui die oorwig van tydgenootlike getuienis daarop dat die vroue uit eie beweging opgetree het, al was die idee van 'n optog moontlik, soos aangetoon is, van Jan Joubert afkomstig.

De Wet en 'n aantal van die veroordeelde rebelle is reeds in Desember 1915, nog 'n aantal in Mei 1916 en die res in November 1916 vrygelaat.[46] Al het Stockenström beweer dat die vrouebeweging bygedra het tot die vroeë vrylating van die rebellieleiers,[47] staan dit nie vas dat dit wel die geval was nie.

**Die Afrikanervroue-optog na die Uniegebou, 22 Junie 1940**

Die tweede groot optog van Afrikanervroue na die Uniegebou in Pretoria het tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) plaasgevind, naamlik op Saterdag 22 Junie 1940. Hierdie optog is met groot haas georganiseer, want dit was eers op Maandag 17 Junie dat 'n groepie Pretoriase vroue besluit het om dit te onderneem. Hierdie vroue het gevoel dat hulle graag aan die vroue wat in hulle verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog gedeel het, die geleentheid wou gee om hul stem te laat hoor.[48]

In die gedenkbrosjure wat agterna deur die organiseerders uitgereik is, het hulle tereg opgemerk dat van die oomblik van Suid-Afrika se oorlogsverklaring teen Duitsland in September 1939, tienduisende mense besluit het dat, wat sover dit hulle persoonlik raak, hulle nie die oorlogsverklaring sou steun of ten uitvoer sou help bring nie. Die ontevredenes het aanvanklik vir maande lank passief gebly, maar het tot aksie oorgegaan toe die regering dwang begin toepas het om vrywilligers te werf om buite die landsgrense te gaan veg. Volgens die organiseerders van die optog het talle mans onder die dreigement van ontslag, verplasing of gedurige herinnering aan viktimisasie voor die volgende keuse te staan gekom: teken die eed om in die buiteland te gaan veg of skep 'n toestand waarin jou vrou en kinders gaan ly omdat jy jou werk verloor. Die vroue wou met ander woorde intree vir hulle mans en hulle seuns, *...dat hulle nie*

46 *Die Transvaler,* 1940-06-19, p. 5.

47 E. Stockenström, *Die Afrikaanse vrou: Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk* (Stellenbosch, 1921), p. 281. Kyk ook Nasionale Argief van Suid-Afrika, SAB GG 51/3309, band 1245, 1915-08-06.

48 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

*verder deur dreigemente en gevaar van ontslag uit hulle werk gedwing [sou] word om die Afrika-eed af te lê, en dit om vir vreemdes te gaan veg in die verre Noorde nie.*[49] Die mans wat teen oorlogsdeelname gekant was, was in ’n bitter moeilike posisie. Orals het vroue begin voel hulle moet in die openbaar standpunt inneem om hulle mans te ondersteun. Hierdie vroue was verenig in hulle begeerte dat Suid-Afrika se deelname aan die oorlog onmiddellik op ’n eerbare wyse beeïndig moes word.[50]

Die groepie vroue wat op 17 Junie in Pretoria vergader het, het hulle protesdemonstrasie haarfyn beplan. Hulle het eerstens ’n komitee, bestaande uit mevv. Annatjie Stoffberg, Henrietta Armstrong, Muller, Sannie Broers, Jacobsz, Dames en Hester van Schoor gekonstitueer. Hierdie komitee kon met reg daarop aanspraak maak dat hulle ’n verteenwoordigende groep vroue was. Daar was onder hulle ’n winkelier, ’n klerk, ’n onderwyseres, ’n kunstenares en ’n boerevrou. Later is nog sewe vroue gekoöpteer. Tweedens het hulle besluit dat die geskikste demonstrasie ’n vroue-optog sou wees wat van Kerkplein af in ’n oostelike rigting met Kerkstraat langs na die Uniegebou moes beweeg. Die optog moes van alle politieke kleur ontbloot wees. Aangesien hulle die saak met die diepste erns aangepak het en hulle menslike swakheid erken het, het die vroue ook besluit dat die hulp en seën van die Allerhoogste op die verrigtings afgesmeek sou word.[51]

Die tydsberekening van die optog was ’n groot probleem vir die organiseerders. Dit was die vooraand van die lang winterskoolvakansie van 1940. Vinnige optrede was nietemin noodsaaklik, want die spontane entoesiasme wat tot die idee van ’n protesaksie bygedra het, kon moontlik oor die volgende paar weke vervaag. Gevolglik het hulle besluit om die optog op Saterdag 22 Junie te hou, wat hulle net vyf dae gelaat het om alles te reël. Hulle het besef dat dit sou beteken dat veral vroue wat ver woon, soos in die suide van die Kaapprovinsie, nie aan die aksie sou kon deelneem nie, al sou hulle ook hoe graag wou.[52]

Aangesien die tyd min was, het die komitee onmiddellik ’n oproep opgestel en uitgereik waarin vroue uit elke stad en dorp in Suid-Afrika versoek is om aan die betoging te kom deelneem. Hulle moes verkieslik in Voortrekkerdrag kom – wat almal waarskynlik nog gehad het ná die Voortrekkereeufees wat minder as twee jaar vroeër plaasgevind het. In die oproep is verduidelik dat dit bedoel was om in ’n nederige en gewyde stemming, sonder vlae en baniere, in te tree vir vrede en vir die regte van man en seun. Die komitee het bygevoeg dat die betoging niks met politiek of enige

---

[49] Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
[50] Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
[51] *Die Transvaler,* 1940-06-18, p. 1; Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
[52] Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

party te make gehad het of sou hê nie. Hierdie oproep is reeds die volgende dag in party koerante gepubliseer.[53]

Die 78-jarige mev. Armstrong, wat ’n prominente rol in die optog van 1915 gespeel het, het aan die begin ’n leidende rol in die organisering van die optog op haar geneem.[54] Sy het dan ook namens die organiseerders ’n brief aan die Eerste Minister, generaal Smuts, gerig waarin sy hom versoek het om op 22 Junie ’n vroue-afvaardiging by die Uniegebou te woord te staan. Die brief het deels soos volg gelui:

> *Namens die moeders en dogters van ons volk, van wie groot getalle in persoon aanwesig sal wees ter ondersteuning van ons versoek, wens ondergetekende U.Ed. beleefd te versoek om ’n oudiënsie aan ’n afvaardiging van vroue toe te staan op Saterdag 22 Junie, om 11.30 vm. op die kantoor van die Eerste Minister in die Uniegebou, sodat ondergetekende en enkele ander afgevaardigdes by dié geleentheid namens die Afrikaanse moeders en dogters ’n dringende versoek en smeekskrif aan U.Ed. mag voordra rakende die volksbegeerte om vrede en beëindiging van dwang deur die Staat op burgers om hulle bloot te stel aan die uiterste gevare van oorlog*.[55]

J.D. Pohl, die privaatsekretaris van die Eerste Minister, het die volgende dag, 18 Junie, geantwoord dat die Eerste Minister nie ’n afvaardiging sou te woord staan nie, omdat hulle versoek in stryd was met ’n parlementsbesluit en wat vir Smuts van partypolitieke propaganda getuig het. Mev. Armstrong is in die brief sonder omhaal van woorde ingelig dat: *Die Eerste Minister het geen tyd vir partypolitieke propaganda wat in stryd is met die aanvaarde landsbeleid nie*.[56] Hiermee was die vrouekomitee nie gediend nie. Mev. Armstrong het dieselfde dag nog ’n verdere skrywe aan generaal Smuts gerig waarin die vroue hulle op die geskiedenis en die Bybel beroep het. Dit het soos volg gelui:

> *Daar is tye wanneer God uit die brandende braambos spreek tot ’n mens. Daar is tye wanneer God uit die braambos spreek tot die volk. So ’n tyd was 1838, toe ’n klompie Voortrekkers wat kort tevore verdeeld was, een geword het in hulle Godgewyde taak.*
> *So ’n tyd was 1881, toe die burgers van een Afrikaanse republiek, kort tevore kerklik en politiek verdeeld, een geword het in hul Godgewyde stryd vir ’n eie, vrye bestemming.*

---

53 Soos in *Die Transvaler,* 1940-06-18, p. 1.
54 T. van Rensburg (red.), *Camp diary of Henrietta E.C. Armstrong* (1980), p. 32.
55 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog*, Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
56 *Die Suiderstem*, 1940-06-20, p. 3.

*So 'n tyd was 1899 tot 1902 en so 'n tyd is nou weer 1940. ...*
*[Ons doen] hierdie ernstige beroep op u Hoogedele om ons volk daardie vrede en vryheid te skenk wat ons in staat sal stel om te dien met God en met eer. Ons wil dien met alle moeders oor die ganse wêreld, maar dien alleen wat ons hart en ons godsdiens ons gebied om te dien; alles vir Suid-Afrika en Suid-Afrika vir Christus.*[57]

Pohl het die volgende dag (19 Julie) geantwoord dat Smuts nie bereid was om sy vroeëre besluit te wysig nie.[58]

Die destydse owerhede het verskeie pogings aangewend om die protesoptog te verhoed of minstens in die wiele te ry. Die eerste was die Stadsraad van Pretoria. Op Woensdagmiddag 19 Junie het die Stadsraad se Komitee van Geldsake vergader. Die Burgemeester, raadslid A.B. Sidey, het tydens die vergadering voorgestel dat die vroue-optog deur die strate van die stad belet moes word. Enkele raadslede het hom ondersteun maar ander het weer gepleit dat die vroue se reg eerbiedig moes word om 'n optog te hou. Uiteindelik het die komitee besluit om die polisie te vra om die optog te belet.[59] Die polisie het die versoek van die hand gewys. Die reëlingskomitee het vervolgens die polisie se ondersteuning gevra. Hulle het ingestem op voorwaarde dat die vroue sou onderneem om met Vermeulenstraat langs en nie met Kerkstraat nie, na die Uniegebou te stap. As rede vir die versoek is aangedui dat die verkeer gestrem sou word. Sou hulle voortgaan met die plan om hulle optog in Kerkstraat te hou, sou alle polisiehulp teruggetrek word. Dit kon daartoe lei dat die optog ontwrig kon word.[60]

Die reëlingskomitee het hulle daarby berus om Vermeulenstraat, wat deur hulle as 'n agterstraat beskou is, vir die optog te gebruik maar het protes aangeteken teen die owerhede se besluit dat hulle nie Kerkstraat mog gebruik het nie:

*Die volgende besluit is vanoggend [21 Junie] geneem deur die komitee wat verantwoordelik is vir die vroue-optog more na die Unie-gebou:*
*Die kommissie het met diepe verontwaardiging kennis geneem van die weiering van die outoriteite om die moeders en dogters van Suid-Afrika toe te laat om deur die hoofstraat te stap om hulle petisie aan die Eerste Minister by die Unie-gebou te oorhandig. Te meer betreur hulle dit daar die optog ontbloot is aan alle Party-politiek. Die outoriteite dwing ons nou deur die agterbuurte van die stad. Dit doen ons onder die sterkste protes, maar denkende alleen aan*

---

57 *Die Transvaler,* 1940-06-19, p. 5.
58 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
59 *Die Transvaler,* 1940-06-20, p. 1.
60 *Die Transvaler,* 1940-06-21, p. 5.

*ons groot saak en seker van die heiligheid van ons taak en ons uiteindelike oorwinning, sal ons ordelik en waardig soos dit ons pas, die weg volg wat ons gedwing word om te volg.*[61]

Hoewel die reëlingskomitee vroeër meegedeel is dat hulle toegang tot die amfiteater by die Uniegebou sou hê, is hulle op die Vrydag voor die optog meegedeel dat die polisie hulle nie tot die amfiteater van die Uniegebou sou toelaat nie. Hieroor was hulle diep ongelukkig, maar daar was niks wat hulle daaraan kon doen nie. Hulle het gevolglik besluit dat die optog op die groot grasperk direk suid van die Uniegebou af sou sluit.[62]

Die regering het aangedui dat die minister van finansies, Jan Hendrik Hofmeyr, as Smuts se plaasvervanger 'n deputasie van die vroue by die Uniegebou sou ontmoet.[63] Die komitee het intussen voortgegaan om die volgende petisie op te stel om aan die regering te oorhandig:

*Namens die Afrikaanse moeders, vroue en dogters en die tienduisende wat in die gees aanwesig is en ons versoekskrif steun, wens ons die Hoogedele Regering in alle beskeidenheid met die diepste erns waaroor ons beskik te versoek om, eerstens, nie langer toe te laat dat met dreigemente van ontslag, verplasing of watter vorm van benadeling ookal, druk uitgeoefen word op die burgers van ons staat ten einde hulleself beskikbaar te stel vir militêre diens buite die Unie nie – hetsy deur privaat werkgewers of deur die staat, en tweedens, onmiddellik 'n eerbare en regverdige vrede met die lande met wie ons in oorlog verkeer, te sluit. Geteken H. Armstrong.*[64]

Een van die belangrikste hulpmiddels waaroor die komitee beskik het om publisiteit aan die beplande optog te verskaf, was 'n aantal Afrikaanse koerante, waaronder veral *Die Transvaler* en *Die Vaderland.* As dit nie vir hierdie koerante was nie, sou die vroue dit waarskynlik onmoontlik gevind het om hulle stem wyd te laat hoor. *Die Transvaler* het op Dinsdag 18 Junie sy eerste verwysings na die beplande protesoptog gepubliseer. In 'n hoofartikel is die betoging beskryf in die sentimentele taal wat destyds mode was: *Dit is 'n gedagte wat gebore is uit die kommer en smart van die bewoë tyde wat vandag beleef word. [Die vrou sal met haar bede] in stille eenvoud [gaan,] gekleed in die drag wat altyd herinner aan die vrome, nederige voorouers.*[65]

---

61 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
62 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
63 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
64 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
65 *Die Transvaler*, 1940-06-18, p. 4.

Twee dae later het dieselfde koerant in groot detail besonderhede oor die beplanning van die optog self, asook van ondersteunende byeenkomste landwyd bekend gemaak. Dit het vergaderplekke en tye, asook die name, adresse en telefoonnommers van organiseerders ingesluit.[66]

Ten spyte van die kort kennisgewing het vroue van plekke so afgeleë as Cradock en De Aar aan die optog deelgeneem. Vir die ander was daar alternatiewe metodes om hulle protes aan te teken, naamlik telegramme en petisies. Die komitee het altesaam 3 968 telegramme ontvang van vroue wat hulle saak gesteun het.[67] Die landwye aard van die steun vir die betoging is beklemtoon deur ’n verklaring wat meer as 400 damestudente van die Universiteit van Stellenbosch twee dae vooraf uitgereik het:

> *Ons, die dogters van Suid-Afrika en die toekomstige moeders van ons volk, studente aan die Universiteit van Stellenbosch, vereenselwig ons volmondig met die versoekskrif aan die Eerste Minister om ’n eerbare en regverdige vrede te sluit ...*[68]

Mev. Armstrong se deelname aan die protesaksie is op die Vrydagaand voor die optog beëindig toe sy ’n ernstige beroerte-aanval gehad het. Sy was twee dae later steeds in ’n koma.[69] Prominente vroue wat hulle steun aan die protes verleen het deur die versoekskrif te onderteken, die komitee met advies te dien of as eregaste op te tree, was mevv. Johanna van Warmelo, Miemie (M.E.R.) Rothmann, Mabel Malherbe, mev. (ds.) Neethling en Natalie Eloff. Die drie hoeksteenleggers van die Voortrekkermonument, mevv. Ackermann, Muller en Preller, het ook hulle aktiewe steun aan die betoging toegesê. In die lig van die wye omvang van Afrikanerweerstand teen Suid-Afrika se deelname aan die oorlog, kon die komitee van twaalf vroue daarin slaag om duisende vroue te organiseer om aan die betoging deel te neem.[70] Die mans van wie se hulp die reëlingskomitee met groot waardering gebruik gemaak het, was dr. P.J.S. de Klerk, ds. B.H. Swart en dr. H.P. Wolmarans om die dienste te lei sodat die verrigtinge wat die vroue betref op die gepaste wyse kon begin en eindig.[71]

---

66 *Die Transvaler*, 1940-06-20, p. 5.

67 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

68 *Die Transvaler,* 1940-06-20, p. 5.

69 *Die Transvaler,* 1940-06-24, p. 8; T. van Rensburg (red.), *Camp diary of Henrietta E.C. Armstrong* (1980), pp. 32, 34. Sy het uiteindelik net gedeeltelik herstel en is vier jaar later as ’n invalide oorlede.

70 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.; F. (pseud.), Die vrou in die oorlogsjare, *in* B.O.G.P. (pseud.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, 1953), pp. 397-398.

71 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

### *Die gebeure op 22 Junie 1940*



**Figuur 3: Die optoggangers op Kerkplein kort voor die aanvang van hulle protesmars**
(Foto deur John Dodgson in *Die Huisgenoot,* 1940-07-12, p. 40)

Teen nege-uur die oggend was Kerkplein in Pretoria reeds deur ’n skare vroue gevul. Aangesien talle Pretorianers destyds ten gunste van Suid-Afrika se oorlogsdeelname was en hulle moontlik die optog sou wou ontwrig, het ’n groot groep polisiemanne in uniform die ingange na die plein bewaak. ’n Rustige gees het egter geheers. Talle vroue was gekleed in Voortrekkerrokke, kompleet met kappies op hulle koppe. Die organiseerders het van luidsprekers gebruik gemaak om almal te orden. Een van die vroue wat as aankondiger oor die luidsprekers opgetree het, was die bekende aktrise Anna Neethling-Pohl.[72] ’n Twintigtal vroue met groen armbande om hulle uit te ken, het die duisende vroue in linies van vier op die plein opgestel. Elke vrou het ’n aandenkingsprogram ontvang. Teen tienuur die oggend was alles gereed. Een van die komiteelede het die versoekskrif voorgelees. Daarna het dr. De Klerk ’n smeekbede

72 A. Neethling-Pohl, *Dankbaar die uwe* (Kaapstad en Pretoria, 1974), p. 119.

oor die luidspreker afgelê. Onder die sang van "Zalig hy die in dit leven Jacobs God ter hulpe heeft", het die vroue in netjiese geledere hulle vredesoptog begin.[73]

Sowat sesduisend vroue het van Kerkplein af gestap. Duisende het, soos vooraf gereël is, langs die roete by hulle aangesluit. Uiteindelik het 9 800 volgens die organiseerders in gelid geloop toe hulle die Uniegebou bereik het. Duisende mense, waaronder groot skares mans, het as toeskouers die skouspel gadegeslaan. Party mans het uit eerbied hulle hoede afgehaal en die vroue "Dat's Heren zegen op u daal …" toegesing. Sowel die organiseerders as bejaarde vroue vir wie die lang staptog te veeleisend was, het per motor na die Uniegebou gereis.[74]

Met hulle aankoms by die Uniegebou het Hofmeyr as Smuts se plaasvervanger 'n vrouedeputasie bestaande uit mevv. Broers, Stoffberg en Natalie Eloff ontvang. Hy het hulle genooi om te sit en wou aan hulle tee laat bedien, maar hulle het aangedui dat hulle haastig was om weer by die optoggangers aan te sluit. Mev. Stoffberg het verduidelik dat sy seker was dat dit die wil van die Here was dat die vroue die *Bedevaart* moes onderneem. Mev. Broers het daarna die versoekskrif aan Hofmeyr voorgelees en oorhandig. Sy het hom voorts meegedeel dat dit vir die vroue 'n groot teleurstelling was dat Smuts geweier het om hulle te ontvang en hom bedank dat hy hulle te woord gestaan het. Hofmeyr het vriendelik verneem na die verloop van die protesoptog en toe geantwoord dat hy nie op die versoekskrif kommentaar kon lewer nie. Hierna het die deputasie hom bedank en gegroet en het 'n polisie-offisier hulle na buite vergesel.[75]

Aangesien die gebruik van die amfiteater van die Uniegebou hulle geweier is, het die stoet met die trapweg deur die tuine afbeweeg na die groot grasperk onder langs Kerkstraat. Daar het hulle 'n biduur gehou, waarna die demonstrasie tot 'n einde gekom het.[76]

---

[73] F. (pseud.), Die vrou in die oorlogsjare, *in* B.O.G.P. (pseud.), *Agter tralies en doringdraad* (1953), p. 399.

[74] F. (pseud.), Die vrou in die oorlogsjare, *in* B.O.G.P. (pseud.), *Agter tralies en doringdraad* (1953), pp. 399; Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

[75] Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

[76] F. (pseud.), Die vrou in die oorlogsjare, *in* B.O.G.P. (pseud.), *Agter tralies en doringdraad* (1953), p. 400; *Die Transvaler,* 1940-06-24. p. 8 .



**Figuur 4: Die vroue op die grasperk voor die Uniegebou**
(Uit: Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.)

Die protesbeweging was nie tot Pretoria beperk nie. Inderdaad het duisende vroue landwyd hulle teleurstelling en spyt uitgespreek dat hulle nie aan die optog kon deelneem nie, omdat die kennisgewing hulle nie betyds bereik het nie. *Die Burger* het op 20 Junie 1940 in dié trant berig: *Dit blyk by die hele land 'n begeerte te wees om by die betoging betrokke te wees. Weens gebrek aan tyd sal baie vroue nie hier kan wees nie*. In Goodwood, Kaapstad het daar op dieselfde dag as die optog in Pretoria duisende vroue vergader om in die gees by die gebeure in Pretoria aan te sluit. Hieroor het die *Cape Argus* op 22 Junie smalend berig: *Despite an intensive campaign only about 1,000 women and girls met at Goodwood today*. Kleiner protesbyeenkomste is op talle ander plekke gehou. Altesaam 3 968 persone het deur telegramme en nog 3 829 deur handtekeninge op petisies hulle ondersteuning aan die oogmerke van die optog toegesê.[77]

---

77 F. (pseud.), Die vrou in die oorlogsjare, *in* B.O.G.P. (pseud.), *Agter tralies en doringdraad* (1953), p. 398.

***Perskommentaar***

Die Engelstalige pers was destyds eendragtig in hulle verdoemenis van die protesoptog. In dié verband moet in gedagte gehou word dat Suid-Afrika amptelik in 'n oorlog met Duitsland gewikkel was. Vier argumente is herhaaldelik gebruik om die vroue-optog te veroordeel: eerstens, dat die vroue oorgawe aan 'n vyand van Suid-Afrika bepleit het; tweedens, dat die optog gereël was om publisiteit vir die Nasionale Party op te wek; derdens, dat dit 'n godslasterlike optog was, en, vierdens, dat die organiseerders op gewetenlose wyse die agterlike vrouemassa emosioneel tot histerie opgesweep het. Oor die eerste aanklag: Op die dag van die optog het die *Rand Daily Mail* geskryf: *What kind of Voortrekker daughters are these that cry defeat before the battle is won?* Twee dae later, op Maandag 24 Junie, het die *Pretoria News* in sy inleidingsartikel geskryf (vry vertaal):

> *Saterdag se 'vredes-demonstrasie' het twee teenstrydighede ingehou. Baie vroue was in Voortrekkerdrag wat hulle vryheidstradisies gesimboliseer het. Vandag word daardie vryheid bedreig en die nagedagtenis van die Voortrekkers misbruik om oorgawe te bevorder*.[78]

Met die tweede aanklag was die *Pretoria News* een van die koerante wat 'n direkte verband tussen die politiek van die Nasionale Party en die doelwitte van die optoggangers identifiseer het. In 'n berig kort na die optog, het die koerant aangevoer (vry vertaal): *Saterdag se optog was uitsluitlik 'n politieke geleentheid wat deur die Nasionale Partybestuur gebruik is om sy beleid van vrede met Hitler te bevorder*.[79] Ook in ander berigte het die *Pretoria News* by sy lesers die indruk probeer wek dat daar politiek agter die optog gesit het deur die volgende retoriese vraag te stel:

> *What lies behind this peace movement? These women are the descendants of a fighting people. Their mothers before them stood by the men in the laagers, loading the guns and handing them up, facing the enemy dauntlessly and choosing death before surrender. South Africa's history is redolent of the heroism of its women folk. The utter futility of the procession becomes apparent unless something quite different from peace lies behind it all.*[80]

---

78 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

79 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

80 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p., wat aanhaal uit die *Pretoria News,* 1940-06-24.

In 'n brief aan *Die Suiderstem* het "Lotjie" van Kaapstad op 24 Junie aangevoer dat die optog georganiseer is deur ondersteuners van die dr. D.F. Malan se Herenigde Nasionale Party of Volksparty wat *...agter hul vroue se rokke wegkruip en deur middel van die vroue petisies aan die Eerste Minister ... wil rig om vrede te sluit met die vyand*. Lotjie het bygevoeg dat hierdie Malanniete eintlik niks beter was nie as die *wegkruipers* van die Anglo-Boereoorlog wat destyds National Scouts genoem is, … *Afrikaners wat openlik hul vaderland en hul eie bloed verraai het*.[81]

Wat betref die beskuldiging dat dit 'n godslasterlike onderneming was het die *Rand Daily Mail* op 24 Junie in kommentaar op die optog die godsdienstige trant daarvan bevraagteken (vry vertaal): *Die sterk Godsdienstige kleur wat die verrigtinge gekenmerk het, was heeltemal misplaas. Eerstens omdat dit die politieke doel van die betoging moes verhul en tweedens omdat dit die vrede voorgestel het met 'n nasie wat die Kristendom uit 'n groot deel van Europa verban het*. Mej. M. Freda Hartley, 'n bekende liefdadigheidswerkster, het dieselfde dag in die *Pretoria News* geskryf: *The women who cry for peace are unworthy of the men and women who suffer for war which shall only bring peace with honour. If ever there were a holy war it is the bitter battle of this year 1940*.[82]

Die beskuldiging dat die organiseerders op gewetenlose wyse die agterlike vrouemassa emosioneel tot histerie opgesweep het, is op 22 Junie deur die *Rand Daily Mail* uitbasuin toe die koerant voorspel het dat: *Many of the women taking part will undoubtedly hail from the Platteland; some being entirely ignorant of world affairs today.* Vier dae later het dieselfde koerant berig:

> *The arrangements made for the procession give proof of meticulous care for detail and acute perception of political propaganda based on hysteria and emotionalism. Women had been brought from all parts of the country, including the Cape Province and South West Africa to swell the procession*.[83]

Party Afrikaanstalige koerante, soos *Die Volkstem,* wat 'n pro-regeringsorgaan was, was net so bitsig as die Engelstalige koerante in hulle kritiek op die vroue-betoging. Op 22 Junie, die dag van die optog, het *Die Volkstem* die volgende berig: *Ek, as Voortrekkerdogter was vervul met skaamte oor julle wandaad. Dit is 'n swart kol op ons Geskiedenis*, en *Die Voortrekkers sou gesê het: Veg tot die laaste druppel bloed vir die land wat ons met ons bloed duur gekoop het*. *Die Volkstem* het gedeel in die

---

81 *Die Suiderstem,* 1940-06-24, p. 4.

82 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

83 Aangehaal in F. (pseud.), Die vrou in die oorlogsjare, *in* B.O.G.P. (pseud.), *Agter tralies en doringdraad* (1953), p. 400.

Engelstalige pers se mening dat die optog 'n politieke maneuver van die Nasionale Party was:

> *Ons weet dat die prikkeling oor die lengte en breedte van ons land aan die gang was lank voordat die Nasionale Party-blaaie – dit was bloot 'n party-politieke gebaar – openlik tot so 'n demonstrasie begin aanmoedig het. Dit was nie 'n spontane (!) en ook nie 'n oortuigende gebaar nie.*[84]

Vyf dae later het 'n briefskrywer in *Die Suiderstem* (27 Junie 1940) hierby aangesluit: *Wat die optog self betref, is dit te betreur dat daar afstammelinge van die Voortrekkervroue is wat hulle vir so 'n onwaardige ondiens aan ons vaderland laat gebruik*. Die briefskrywer was ook wantrouig oor die vroue se ware motiewe: *Begryp jou aan, dat verligte mense Gods Woord kan gebruik om hul grenslose politieke knoeiery mee te dek.*[85]

Die skerpste kritiek in die Afrikaanse pers is uitgespreek deur Jan Kieser, redakteur van *Ons Land,* die Port Elizabethse regeringsorgaan. Hy het smalend verwys na:

> *Die Witveeroptog van sogenaamde moeders en dogters wat met groot lawaai, snikkende stemme, betraande oë en 'n slinkse slangkyk 'n optog na die Uniegebou gehou het. Die hele ding is baie meer in ooreenstemming met die tradisie van 'n klomp sirkusvroue as van ons edele, stoere ou Voortrekkermoeders. Hulle is 'n oneer vir ons volk en het geen reg om namens die moeders van Suid-Afrika te praat nie …*[86]

Die organiseerders van die optog het sy kritiek verwerp as 'n infantiele wanhoopskreet, huiltirade en die stamelende gedagtes van 'n kleinlike sensasiejagter.[87]

Die Afrikaanstalige pers wat teen Suid-Afrika se oorlogsdeelname was, het vanselfsprekend met groot entoesiasme oor die optog rapporteer. Aanvanklik het *Die Transvaler* hierin die voortou geneem. Op 19 Junie het dit berig *Vroue-optog allerweë steun toegesê*, en die volgende dag: *Grenselose geesdrif vir vroue-optog*. Op 21 Junie het *Die Transvaler* reageer op die poging van die Stadsraad van Pretoria om die optog te verhoed: *Die poging van die Pretoriase stadsraad om die optog te verongeluk het slegs aanleiding gegee tot groter geesdrif en baie meer vroue is nou voornemens om daaraan deel te neem as die geval tot dusver was*. Ook *Die Volksblad*

---

84 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog*, Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
85 *Die Suiderstem*, 1940-06-27, p. 4.
86 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog*, Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
87 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog*, Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

het agterna (op 24 Junie 1940) die owerhede se pogings gekritiseer om die betoging in die wiele te ry: *Al hierdie kleinsieligheid en onridderlikheid het egter nie die vroue wat by duisende in Pretoria bymekaargekom het, verhinder om hulle bedevaart te voltooi nie*. In reaksie op premier Smuts se houding het daardie dagblad voorspel:

> *Die Afrikanervolk sal die behandeling wat die Afrikaanse vrou en moeder aangedoen is, nie lig vergeet nie. Trots die minagting waarmee genl. Smuts die Afrikaanse vrou en moeder behandel het, sal hierdie optog deur die ganse wêreld weerklank vind. Hy sal weet dat die volk teen sy sin en wil in 'n oorlog ingedwing is en teen sy begeerte daarin gehou word*.[88]

*Die Volksblad* het ook sy mes vir die Stadsraad van Pretoria in gehad:

> *Ook die handelswyse van die Pretoriase stadsraad sal onthou word. Die hoofstraat van die hoofstad kan dag-in en dag-uit oopgestel word vir enige Imperialistiese betoging. Vir die Afrikanervrou word dit geweier wanneer sy op waardige wyse 'n versoekskrif aan die regering wil voorlê. En dit gebeur 38 jaar nadat die vrede van Vereeniging gesluit is*.[89]

*Die Vaderland* van 22 Junie 1940 eweneens opgewonde oor die *myle-lange optog deur Pretoria* en vertel dat, nadat die vroueskare by die Uniegebou aangekom het, hulle ... *soos 'n lewende waterval oor die sierlik begroeide terrasse na die grasperk aan die onderkant beweeg het*.[90]

### ***Afloop***

Op 5 Julie het mej. H.C. Steyn as sekretaresse van die reëlingskomitee in 'n brief aan Eerste Minister Smuts hom ingelig oor die presiese getalle vroue wat aan die optog deelgeneem, telegramme van steun gestuur en die petisies onderteken het:

> *Die 9 870 vrouens wat van Kerkplein gestap het, het van heinde en ver gekom want dit is 'n saak waaroor diep gevoel word en ernstig gebid is. By bogenoemde syfer is dit my eervolle plig om ook 3 968 telegramme te noem asmede 3 829 name wat op petisies ingekom het. Hierdie naamtekeninge en telegramme is in my besit, en die groot totaal vroue wat dus die 22ste Junie voor u in persoon, per telegram of per handtekening kom smeek het om vrede te sluit, was 17 667*.[91]

---

88 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
89 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
90 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
91 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

Pohl, Smuts se privaatsekretaris, het op 11 Julie in opdrag van die Eerste Minister geantwoord dat die Regering nie op die versoekskrif ingegaan het nie, omdat dit in stryd met die besluite van die Parlement was. Hy het bygevoeg dat die Regering ook nie van voorneme was om in die toekoms daarop in te gaan nie. Hierna was die vroue se gevoel dat, soos hulle dit self gestel het, hulle met ’n hartelose Eerste Minister te kampe gehad het:

> *Het die eenvoudigste lid van ons volk dan nie die reg as lid van ons Demokratiese land om toegang te kry na die Eerste Minister nie, en waarom dan nie negeduisend vroue, stemgeregtigde burgeresse nie? ... Dit is onbegryplik kortsigtig van ’n man met so ’n brein, maar geen hart. Die hart van liefde vir sy volk ontbreek, dit verklaar alles*.[92]

Was die vroue-betoging van 1940 dan ’n volslae mislukking? Die organiseerders daarvan het dit nie so beskou nie. Vir hulle het twee positiewe betekenisse uitgestaan:

- Die vroue van die Afrikanervolk het *...weer bymekaargekom en in warmte en liefde mekaar opnuut gevind. Met offervaardigheid het hulle saamgestroom om stil maar sterk te bewys wat hulle is. Die Boerevrou ken die swye en verstaan dit, maar daarom juis het sy in haar eensaamheid gewonder of sy in hierdie dae van verwarring gans alleen staan. En daar op 22 Junie was haar susters om haar!* [93]
- Die vroue het bewys dat hulle teen vernedering en verdrukking sal opstaan en nie onreg teen hulle mans en seuns sal duld nie.[94]

Die organiseerders het agterna voorts ’n direkte lyn tussen hulle verset en dié van Susanna Smit ’n eeu vroeër identifiseer met hulle aanspraak dat hulle met hulle

> *... bedevaart ... andermaal getoon [het] dat die jong moeders en dogters vandag nog van dieselfde staal is as hulle Voortrekkermoeders was wat liewer blootsvoets oor die Drakensberge wou loop dan om in te gee vir dwinglandy ... Ons Afrikaanse moeders en dogters wat aan die optog deelgeneem het moet weet dat daardie daad van hulle ’n vergulde blad is in die geskiedenis van die Boerevolk*.[95]

---

92 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
93 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
94 Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.
95 Aangehaal in Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-Optog 22 Junie, 1940*, s.p.

Anna Neethling-Pohl het in haar outobiografie meer as dertig jaar later oor die nalatenskap van die optog geskryf:

> *Moenie sê dat daardie optog misluk het nie. Die Regering het nie afgesien van sy standpunt om oorlog te voer nie, maar onder die vroue het daar 'n band ontstaan wat sou uitbloei tot ons eendag ons eie vryheid sou terugkry! Van Wyk Louw se woorde in 'Die Dieper Reg' wat deur die Vrou uitgespreek word, het vir ons al hoe meer betekenis gekry:*
>
> *Ek is die bloed wat deur die jare gaan,*
> *geslagte aan geslagte bind, die vrou ...* [96]

## Gevolgtrekking

Susanna Smit en haar span dames se 'man'-haftige konfrontasie van die Britse hoofamptenaar in Natal in die era van die Groot Trek is later jare in die vorm van die bekende bronsbeeld van die kaalvoetvrou op die kruin van die Drakensberg in Harrismith se wêreld verewig. Boonop het die uitdrukking *kaalvoet oor die Drakensberge* as uitdrukking in die Afrikaanse taal wortel geskiet. Die dames van 1915 en dié van 1940 het veel sigbaarder en nuuswaardiger betogings onderneem waaraan oneindig meer vroue deelgeneem het. Tog het hulle optrede in die vergetelheid verdwyn. Waarom?

Die waarskynlikste rede is omdat die betogings van 1915 en 1940 nie teen 'n vreemde owerheid gemik was nie, maar teen mede-Afrikaners met wie se politieke besluite die betogers nie saamgestem het nie. Boonop het die vroue se optrede geen onmiddellike positiewe gevolge gehad nie, en het hulle nie daarna opvolgstappe gedoen om hulle eise tot uitvoer te probeer bring nie.

Kommentators oor die optogte soos Postma het na die 1915-vroue as die *moeders van ons volk* verwys.[97] Deelgenote aan die 1940-optog soos die Stellenbosse damestudente het hulleself die *toekomstige moeders van ons volk* genoem. Die term *volksmoeder* dui vir die outeur van hierdie artikel op die onmeetbare respek waarmee leidende Afrikanervroue destyds bejeën is. Dit is die beeld van 'n vrou en moeder wat, hoewel fisies swak, dapper was en alles vir haar volk veil gehad het.[98] Dit is terselfdertyd die beeld waarin Afrikanervroue oor die algemeen in die Afrikaanse nasionalistiese historiografie uitgebeeld is, maar wat ook deur die vroue self onderskryf

---

96 A. Neethling-Pohl, *Dankbaar die uwe* (1974), p. 119.
97 Dr. Okulis (W. Postma), *Die Boervrouw, moeder van haar volk* (1918), p. 164.
98 L. Maritz, *Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief* (2004), p. xii.

is. Dat hierdie beeld, soos Elsabe Brink beweer, in die eerste plek 'n konstruksie van Afrikanermans was, en met ander woorde deur mans geskep is,[99] lyk in die lig van die gebeure tydens die vroue-optogte van 1915 en 1940 bra onwaarskynlik.

Maritz gee voor dat die Afrikanervroue se betrokkenheid by die optogte van 1915 en 1940 op aandrang van mans plaasgevind het.[100] Ook dit lyk na 'n deeglike ontleding van die gebeure rondom die optogte, onwaarskynlik.

Streutker merk op dat in die geskiedenis van die Afrikanergemeenskap die vroue gewoonlik agter die skerms gewerk en onsigbaar gebly het. Met die optog van 1915 – en ook in 1940 – het hulle openlik opgetree.[101] Dit is opmerklik dat geen verdere massa-protesbewegings sedertdien deur Afrikanervroue as groep onderneem is nie. Maritz stem saam dat Afrikanervroue, met die uitsondering van wat sy noem hulle *geïsoleerde aktivistiese optrede* met hierdie optogte, hoofsaaklik die *veilige ruimte* van die liefdadigheidsterrein gebruik het om hulle politieke voorkeure uit te leef.[102] Dit is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die Afrikanergemeenskap deur 'n sterk paternalistiese kultuur gekenmerk word. Daardie kultuur sluit allermins respek vir vroue uit, maar sluit nie 'n aandrang op politieke aktivisme deur vroue in nie.

---

99 E. Brink, Man-made women: Gender, class and the ideology of the Volksmoeder, *in* C. Walker (ed.), *Women and gender in South Africa to 1945* (Cape Town, 1990); L. Vincent, A cake of soap: the 'volksmoeder' ideology and Afrikaner women's campaign for the vote', *The International Journal of African Historical Studies,* 32(1), 1999.

100 L. Maritz, *Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief* (2004), abstrak.

101 Streutker, *Hendrina Susanna Johanna Joubert (1830-1916)* (1991), p. 107

102 L. Maritz, *Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief* (2004), abstrak.